



31 Maart 2021

## Ouerbrief 5 van 2021

### Geagte Ouers

Ons wil graag die volgende belangrike inligting onder u aandag bring.

### **SLUITING VAN SKOOL OP DONDERDAG, 1 APRIL 2021 EN VIDEO OPNAME**

Neem asb kennis dat die skool op Donderdag, 1 April om 10:00 sluit. Geen leerder sal toegelaat word om na 10:15 op die terrein te wees nie aangesien daar 'n spesiale video-opname gemaak word van die skoolterrein.

Ouers wat die Klerebank of Klerewinkel wil besoek sal net tot 09:00 toegelaat word.

### **Die program vir die Gr. 4 - 7 leerders vir 1 April is soos volg:**

Register	:	07:30 - 08:00
Toets Gr. 4 - 7	:	08:00 - 09:00
GF Pouse	:	09:00 - 09:20
Gr. 4 - 7 Pouse	:	09:25 - 09:45
Afsluiting	:	09:50 - 10:00

Gr. 4 - 7, geen klaswisseling gaan plaasvind nie, leerders bring slegs hul skryfbehoeftes en NW boeke saam.

Grondslagfase leerders bring wel hulle skooltasse saam.

### **FUNDIPAY**

Volgens Ouerbrief 3 van 2021 kon ouers die Fundipay bandjie net gebruik het tot en met Woensdag, 31 Maart 2021. Ongelukkig is ons genoodsaak om hierdie datum te verleng tot Vrydag, 23 April 2021 aangesien daar nog heelwat ouers is wat nog nie die gelde op die bandjie gebruik het nie. Ons herinner u net weer daaraan dat u welkom is om 'n e-pos aan Fundipay te stuur om die gelde aan u uit te betaal indien u dit nie wil gebruik nie. Geen bedrag onder R50.00 sal uitbetaal word nie. Sien asb die volgende prosedure:

Navrae met betrekking tot die terugbetalings moet na [fundipay@fundi.co.za](mailto:fundipay@fundi.co.za) ge-e-pos word met die volgende inligting:

- FundiPay *username*
- *Beneficiary* se inligting (naam en van)
- Naam en van van die hoof *sponsor* op die rekening
- Die FC-verwysingsnommer vir die FundiPay rekening
- Die bedrag van die oorblywende fondse op die FundiPay rekening

Ons benodig ook 'n brief vanaf u bank wat u besonderhede bevestig, asook u ID om te verseker dat die geld in die regte rekening inbetaal word.

Dankie dat u ons sal bystaan in die verband.

### **MOEDERSDAG GESKENKE**

Moedersdag is om die draai en graag gee ons aan die Lardies geleentheid om hulle mammas op hierdie spesiale dag te bederf. Hierdie jaar kan jy vir jou mamma 'n oulike yskasmagneet bestel, met 'n spesiale boodskap op. Sien asb die werkswyse hieronder oor hoe die bestelling geplaas kan word.

Magnete kan by die registeronderwysers bestel word vanaf Dinsdag, 30 Maart tot en met Vrydag, 23 April.

- Keuse van 6 magnete genummer 1 - 6.
- Betalings geskied slegs d.m.v. die D6 Connect toep (Sticitt). Ons versoek dat die leerders van die metode gebruik maak aangesien ons skool na 'n kontantlose stelsel toe werk.
- Ouers kan slegs betalings op die D6 Connect toep maak en nie spesifiseer watter magneet u wil bestel nie.
- Leerders moet na afloop van die betaling die bestelling met die toepaslike nommer by die registeronderwyser plaas.

### **Gr. 4 - 7 TOETSREEKS**

Baie sterkte aan die Gr. 4 - 7 leerders wat besig is met die toetsreeks. Ons versoek weer vriendelik dat leerders wat afwesig is moet seker maak wanneer die hertoets geskryf word. Sien asb Ouerbrief 4 van 2021 vir die datums waarop hertoetse geskryf word. Indien 'n leerder afwesig is moet u asb. die registeronderwyser in kennis stel.

Ons wens vir elke gesin 'n geseënde Paasfees toe, mag u en u gesin die spesiale tyd saam geniet. Indien u op reis is, wees veilig.

**Vriendelike Lardie-groete**

**ME H BARKHUIZEN  
ADJUNKHOOF**

**MNR T HUMAN  
SKOOLHOOF**